SA Media - The University of the Free State
Page: 1
Source: BEELD
Date: 28-Jul-2004
Topic: 05
Ref No: 1109
1
ID: 03112977-01 | Source Page: 15

# Mag God verhoed dat jonges negativisme erf

Jonathan Jansen

Ek kon skaars my ore glo toe ek na die radio luister in die motor op pad werk toe: Die president het 'n spesiale verklaring uitgereik oor die dood van 'n vrou, Leigh iemand.

So ook die kantoor van oudpres. Nelson Mandela en 'n horde ander politieke en burgerlike instellings. Die aand op pad huis toe, terwyl ek na die klassieke klanke van 'n radiostasie luister, onderbreek die aanbieder die program om medelye te betuig met die ouers van Leigh iemand.

Ek was ligweg geïrriteerd, nie net omdat ek gebombardeer is met dieselfde nuus nie, maar omdat ek gewonder het hoe die ouers van honderde ander jong mense wat elke jaar vermoor word oor dié spesiale aandag voel.

Hoekom dié vrou? My gekondisioneerde ras-antenna het die ou bekende antwoord verstrek: Dit is 'n blonde wit vrou van Sandton, simpel! Ek het 'n paar oomblikke lank dié maklike antwoord oorweeg en toe, oudergewoonte, ander verduidelikings gesoek.

Toe kom die herhaaldelike mediabeelde van baba Tshepang by my op, die baba wat wreed verkrag is. En ek onthou die beelde aand vir aand in die nuus van polisiehonde wat op vermeende onwettige immigrante losgelaat is . . .

## Jeug verdien beter stories

Nee, dié was nie net 'n obsessie met die skending van 'n wit vrou nie. Dit het te doen met die meeste Suid-Afrikaners se obsessie met die afskuwelikste en uitlokkendste stories oor misdaad en geweld.

Die media speel hier 'n dubbele rol: Dit skep die angs wat ons bestaan begin kenmerk het en dit voed daardie angs, aand vir aand, dag vir dag, met die gruwelikste beelde moontlik.


Net toe jy dink die Leigh-iemand-storie is uitgeput, kom 'n Johannesburgse koerant met 'n desperate poging om die storie lewend te hou: "Kan iemand help om Leigh se ring te vind?"

Dit sou maklik wees om net die media te blameer, maar ons moet 'n slag eerlik kyk na onsself as die verbruikers van dié onverbiddelike aanslag op ons hele wese.

Ry in George Storrarweg of Duncanstraat in Pretoria of enige ander hoofpad in die land en kyk watter hoofnuus die borde langs die pad uitbasuin: "Luiperd vreet hond op", "Vroue verkrag man", "Kaal Bokke: foto's", "Rand herstel: die slegte nuus", "Vrou se vreemde jeuk in die sitvlak" . . .

Ek jok nie, dit is nuus wat koerante met die oog op rekordsyfers op advertensieborde verkondig het. Een koerant roem op sy beeld as "smeerpamflet" deur trots te verklaar hy lok lesers met 'n skandaal op die voorblad en "meer gewone" stories elders.

Ons Suid-Afrikaners praat ons in 'n kollektiewe depressie in. Ons hunker na slegte nuus, vuil stories en gewelddadige gedrag. Hoe anders sou M-Net se *Carte blanche* (25 Julie) op die lug kon bly as dit ons nie kon lok nie met beelde van hoenderkoppe wat afgedraai word, gevolg deur riglyne vir wil-




de seks in die slaapkamer?

Toe ek onlangs op 'n byeenkoms van skoolhoofde moes praat, moes een van hulle met gebed open. Ek was verstom oor die deel uit Klaagliedere wat hy voorgelees het en sy gebed: Hy het God gesmeek om ons land van al die gruwels en die magtige Satan te red en van die vreeslike toestand waarin ons onderwys is.

Ek was geskok dat die kinders in sy skool elke dag aan sy persoonlike klaagliedere en uitkyk blootgestel is. Natuurlik is daar baie wat kan en moet verander in ons samelewing en skole. Maar ek glo vir geen oomblik nie dat ons land uitmekaar val. Tog is dit dié uitkyk wat die somber stemming onder ons mense veroorsaak.

Ek glo ons het 'n jong, beproefde, maar veerkragtige demokrasie. Ek het 'n land waarin ek vir die eerste keer kan lewe sonder vrees vir die owerheid. Ek glo nie die ekonomie kan tans beter doen nie. Ek sien ongelooflike optimisme buite ons land oor ons potensiaal as 'n ontwikkelende ekonomie.

En ek sien daagliks die spontane lewenskragtigheid en hoop by ons jeug. Dit is ons jeug wat beter stories oor ons toekoms verdien as dit wat die media en volwassenes aan hulle deurgee.

Ek moes onlangs honderde jong mense by twee ATKV-kampe toespreek. Ek het lewenslesse met hulle gedeel wat hulle na my mening waarskynlik nie by die skool kry nie, maar onontbeerlik is vir hul oorlewing in 'n nuwe Suid-Afrika en 'n wêreldekonomie. Hoofsaaklik het ek gepraat oor hul onontginde potensiaal, hul blink toekoms en hoop.

By een kamp het dosyne jong mense tougestaan om te gesels oor die positiewe toekomsboodskap wat hulle gehoor het. Ek het nog selde soveel opgewondenheid en optimisme by gr. 12-leerlinge gesien. Mag God verhoed dat dié jong mense die negativisme van volwassenes en die media erf, want dit is húl ingesteldheid oor die toekoms wat die toekoms van ons land sal verseker.

### G'n slagoffers meer!

Ons moet ophou om soos slagoffers op te tree. Wittes glo hulle is slagoffers, dat alles wat hulle gehad het aan die swartes gegee is – met só 'n uitkyk is dit onmoontlik om te glo die swart kandidaat in 'n werkonderhoud kán 'n beter kandidaat wees; dit kan net regstellende aksie wees.

Afrikane glo hulle is steeds slagoffers en dat wittes steeds die ekonomie beheer en die beste werk het; dit is só onmoontlik om raak te sien dat die openbare sektor byna heeltemal swart is.

Bruines dink hulle het die beste argument vir slagofferskap: "nie wit genoeg in die ou bedeling, nie swart genoeg in die nuwe bedeling nie". Maar wanneer ek in Kaapstad kom, sien ek dat al die *front-line*-werknemers in sakeondernemings bruin mans en vroue is.

Een oggend sien ek 'n gesonde wit man van in die 20 in Duncanstraat met 'n bord: "Werkloos vanweë regstellende aksie". Ek het sy valse boodskap geniet en hom geld gegee weens sy vindingrykheid. Langs hom het 'n gesonde swart man van in die 20 goedkoop kinderspeelgoed verkoop.

Die teenstellende beelde wat hulle gebied het, was treffend. Die een man het simpatie vir sy verbeelde situasie gesoek, die ander het die beste van sy ewe mistroostige situasie probeer maak. Hoe ons die toekoms sien, hang alles van ons uitkyk af.

● *Prof. Jonathan Jansen is dekaan van die fakulteit opvoedkunde aan Tukkies.*